*Maandag* **23 Junie**

**Skrifgedeelte: Psalm 145:1-21 (AFR2020)**
**Fokusgedeelte: Psalm 145:8, 9**
**Die HERE is goed, genadig en barmhartig**

Hierdie psalm word ’n loflied van Dawid genoem. Dit is ’n besondere loflied. Dit is ’n alfabetiese loflied. Elke vers begin met ’n Hebreeuse alfabetletter. In die 2020-vertaling word hierdie Hebreeuse alfabet mooi aangetoon, dit is die Alef, Bet, Gimel ensovoorts, wat ons in die vertaling raaksien. Dit is ’n digvorm om onder andere daarmee te help dat die psalm maklik onthou word. Psalms is juis gedig om te sing! Psalm 145 – ’n LOFLIED …

Waaroor gaan hierdie loflied? Oor die grootheid en goedheid van die HERE en die vreugde wat dit vir die gelowige bring. Deur die geslagte word dit erken (vs 4, 5).

Wat wel opvallend is, is hier in ons fokusgedeelte. Een van die frases wat in die Ou Testament die meeste aangehaal word, is die aanhaling in vers 8*: “Genadig en barmhartig is die HERE, geduldig en groot in troue liefde.”* 1933/53-vertaling: *“groot van goedertierenheid”* (vergelyk gister se dagstukkie). Die HERE het Homself met hierdie einste woorde aan Moses openbaar op die berg (vgl. Eks. 34:6). Moses wou die HERE se heerlikheid sien, en dit is die woorde wat die HERE Self uitgeroep het. Die HERE is genadig, barmhartig, geduldig en goed. Dit alles binne sy goedertierenheid.

Ons troos is – dit is nie net op die berg met Moses of net elders in die Ou Testament waar hierdie woorde na vore kom nie. Dieselfde woorde word duidelik in die Nuwe Testament nie net uitgespreek nie, maar ook sigbaar gewys en vervul. Op ’n hoë berg verander Jesus van gedaante voor Petrus, Jakobus en Johannes (Matt. 17). Sy heerlikheid skitter! ’n Stem uit die wolk sê: *“Dit is my geliefde Seun in wie Ek ’n welbehae het. Luister na Hom!”* (Matt. 17:5).

Sien ons nog die genade, barmhartigheid, geduld en goedheid van die Here raak? Luister ons nog na Hom? Ons kan dit net raaksien deur die geloof in Jesus Christus ons Here. Dit kan ook net ons loflied in gehoorsaamheid wees deur die kragtige werking van die Heilige Gees. Dit is ook persoonlik soos die psalm afsluit: *“My mond sal die lof van die HERE verkondig …”* (vs 21).

*Sing: Psalm 145-1:1, 5, 12*

*Ds. MH (Marco) le Roux (Reitz/Lindley)*